


Bybel vir Kinders
bied aan



Die Groot
Muur van
Nehemia



Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Jonathan Hay

Aangepas deur: Mary-Anne S.

Vertaal deur: Yvette Brits

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2012 Bible for Children, Inc.

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.



Persië, 'n baie sterk nasie,
het die wêreld regeer.
En Koning Ahasveros
het Persië regeer. Dit
het hom die wêreld se
magtigste regeerder
gemaak. Een van die
koning se belangrike
helpers was 'n Joodse
man genaamd
Nehemia.



Sy werk was om die koning se kos te proe voor die hy dit eet, dit was om die koning te beskerm van moontlike vergiftiging.



Een dag, het Nehemia met 'n baie hartseer gesig voor die koning verskyn. Die koning wou weet wat fout was. "O koning, mag U vir ewig lewe," het Nehemia gesê. "Ek is hartseer want die stad waar my vaders begrawe is, lê in puin en die hekke is afgebrand."


Nehemia het van Jerusalem gepraat, wat verwoes was in 'n oorlog baie jare vantevore.



Koning Ahasveros het gevra, "Wat wil jy hê?" "Laat my na Jerusalem gaan sodat ek dit weer kan opbou," het Nehemia gesmeek. Koning Ashasveros het goe dhartig ingestem. Hy het ook vir Nehemia briewe gegee om hom te beskerm soos hy reis.



Die koning het hom nog meer gehelp.
Hy het vir Nehemia 'n brief vir Asaf, die
opsigter van die koning se woude gegee.
Hy het Asaf 'n opdrag gegee om al die
hout wat Nehemia nodig sou hê om die
stad se mure oor te bou, vir hom te gee.



Toe Nehemia in Jerusalem arriveer, het hy al die stad se amptenare bymekaar geroep en gesê, "Ons is in groot moeilikheid. Die stad lê in puin en die hekke is afgebrand. Laat ons die stad oorbou."



Hy het hulle vertel dat koning Ahasveros dit goedkeur en, die mees belangrikste God is aan ons kant.



Nehemia se geloof en entoesiasme moes die mens ge-inspireer het. Hulle het saamgestem, en gesê "Laat ons die stad oorbou." Nehemia het vir elke familie vertel watter stuk muur hulle moet oorbou.



Maar nie almal het
ingestem om die muur
oor te bou nie.



'n Man genaamd Sanballat, en sy twee vriende,
Tobija en Gesem, was nie Joods nie en hulle wou
nie dat die muur of hekke
reggemaak word nie.




Soos die werk aangaan het Sanballat baie kwaad
geword. Hy en sy vriende het die Jode gespot.




Tobija het gesê, "As hulle klaar is met die muur sal 'n klein jakkals dit laat krummel as hy daarteen spring." Nehemia het nie geantwoord nie. Hy het gebid dat God met hulle sou deel.



Toe hulle gespot geen resultate lewer nie het hulle saam beplan om teen Jerusalem te veg, en soveel moeilikheid te maak as wat hulle kon.



Weereens het Nehemia gebid vir God se hulp. Hy het ook wagte aand diens gehad dag en nag sodat hulle nie verras kon word nie.



Die Jode het baie hard gewerk en moeg geword. Party was baie bang dat die vyand so kom en hulle doodmaak terwyl hulle werk. Nog steeds wou Nehemia nie die projek stop nie. Hy het wagte rondom die werkers geplaas en hulle herinner dat God aan hulle kant was en dat God meer magtig is as enige vyand.



Nehemia het
prober om 'n goeie
voorbeeld te wees.
Koning Ahasveros het
hom goeweneur van
Jerusalem gemaak
met die reg om kos
en geld van die mense
te kry, hy
het dit nie
gedoen
nie.



Hy het hard gewerk saam met die mense om die muur weer te bou. Hy het sy eie geld gebruik om kos te koop.



Uiteindelik was die muur klaar, en net die deure moes in die hoofhekke geplaas word. Toe Sanballat, Tobija en Gesem hoor daar was nie muur 'n opening in die muur nie, het hulle beplan om Nehemia seer te maak.



Hulle stuur toe vir Nehemia 'n boodskap om hulle by Onolaagte te ontmoet. Maar Nehemia het geweet hulle wou hom uit die stad hê om hom seer te maak. Hy het terug geskryf en gesê dat hy nie sy werk kon los om by hulle te kuier nie.



Die muur was
uiteindelijk
klaar,



en
Nehemia het
wagte uitgesit om
dit te beskerm.



Hy het ook 'n
reël gemaak
dat die hekke
eers



oopgemaak
mag word as die son
al baie warm is.



Deur die
nag moes die
hekke gesluit



en ge-grendel
wees.



Nou dat die stad veilig was, het baie Jode wat in ballingskap was, terug gekeer uit baie dele van die wêreld na Jerusalem.



Nehemia was baie gelukkig dat hy die opdrag wat God hom gegee het kon uitvoer, ten spyt van al die struikel blokke op sy pad. Hy het in Jerusalem gebly en die mense gehelp om gehoorsaam te wees aan God.



Die Groot Muur van Nehemia

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Nehemia

"Die lees van die Woord gee lig."

Psalms 119:130



Die Einde



Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16

